



25 Maart 2020

COVID-19 PLAN GEDURENDE DIE AFSONDERING

Die situasie in ons land het vinniger ontwikkel as wat ons kon voorsien en ons almal in dieselfde bootjie geplaas. Dit is egter nie net 'n tyd van sosiale en fisiese distansiëring nie, maar kan ook in 'n tyd van geestelike verdieping omskep word.

BEDIENINGSAKTIWITEITE

Alhoewel talle van die bedieningsaktiwiteite noodgedwonge moet afskaal, maak ons graag die volgende voorstelle aan lede en laers om in hierdie tyd te oorweeg:

- Spandeer meer tyd aan u persoonlike stiltetyd met die Here.
- Reël elektroniese gebedsgeleenthede binne die laer, of identifiseer 'n gebedsmaat/s met wie u gereeld saambid.
- Kontak lede wat dalk nie so betrokke kon wees in die afgelope jaar nie.
- Kontak u leraar/s en verseker hulle van u voorbidding vir hulle en die gemeente in hierdie tyd.
- Bid asseblief vir die bediening se finansiële volhoubaarheid ten spyte van die moeilike tye wat voorlê.
- Reik op 'n virtuele wyse uit na u mede broers en susters, plaaslik en internasionaal – talle van hulle se besighede gaan ongelooflike uitdagings moet hanteer.

BEPLANNING VAN BYEENKOMSTE EN VERGADERINGS NÁ 17 APRIL

Soos voorheen gekommunikeer gaan die beplanning vir die nasionale blitz gedurende Mei in die Oos-Kaap, areasaamtrekke in Junie, die Nasionale Konvensie in September en ander vergaderings van die kabinet en programkomitees voort. U sal onmiddellik van enige verandering in die situasie verwittig word.



NASIONALE DIENSSENTRUM

Alhoewel die kantoor fisies gesluit is, gaan al die personeel voort om van die huis af diens te lewer en u navrae te hanteer. Stuur gerus enige navrae na info@gideonssa.org; finance@gideonssa.org en besoek gerus ons webblad www.gideons.co.za

Laastens bid ons die Here se beskerming oor u en u gesinslede regoor ons land en die wêreld toe.

“Daar kom toe ’n melaatse man na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: “As U wil, kan U my gesond maak”. Jesus het hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir hom: “Ek wil. Word gesond!””

Markus 1:40-41

Uitvoerende Komitee

Die Gideons Internasionaal in Suid-Afrika